# RESENSIES/REVIEWS

Naudé, Piet J.

*Neither Calendar nor Clock. Perspectives on the Belhar Confession*

(Grand Rapids: Eerdmans, 2010) bladsye 255, R176.00, ISBN 978-0-8028-6259-4.

Só tydig soos wat die Belhar Belydenis se ontstaan was, só tydig is die verskyning van hierdie boek. Dit is nie sommer aldag dat enige van dié twee gebeur nie. Die Belhar Belydenis sou 'n droogte van meer as 300 jaar in die Gereformeerde kerke van Nederlandse oorsprong verbreek; en die verskyning van bogenoemde werk is die eerste – in Engels – ná Dirkie Smit en Daan Cloete se 1984 vertaalde boek, *A moment of truth* (ook deur Eerdmans). Bloot die verskyning hiervan is dus reeds iets om van kennis te neem.

Maar wát sê dit? Is wát dit sê ook só tydig en beslissend? Voor ons reageer op die inhoudelike, is dit tog belangrik om vir 'n oomblik daarop te let wíé hier aan die woord is. Die tydigheid van die werk word inderdaad versterk met Piet J Naudé as outeur. Naudé het die afgelope jare produktief in verskeie akademiese joernale oor die Belhar Belydenis gepubliseer. Trouens, al nege hoofstukke in die boek is verwerkings van akademiese artikels van die afgelope dekade en daarom is die boek ook gerig aan 'n meer akademiese publiek. Daarby het hy saam met Johan Botha ook reeds twee boeke in Afrikaans vir 'n meer kerklike publiek oor Belhar gepubliseer, te wete *Op pad met Belhar* (JL van Schaik,1998) en *Goeie nuus om te bely* (Bybel-Media, 2010). G'n wonder Naudé (tesame met Russel Botman) was ook genooi om in Junie 2007 in Pella, Iowa die *Reformed Church in America* (RCA) te gaan toespreek met 'n beroep op die aanvaarding van die Belhar Belydenis nie; wat inderdaad toe gebeur het! In kort, as daar tans iemand is wat op gesaghebbende en gerespekteerde wyse oor Belhar kan praat, is dit Naudé. Neem ons daarby in gedagte dat hy nog lidmaat is van die NG Kerk, en die afgelope paar jaar voltyds Direkteur is van die NMMU se Besigheidsskool, dan verkry die aktuele en tydige betekenis van Belhar oor die grense van tyd, konteks en denominasie soveel meer diepte.

Die boek is tereg dan ook só gestruktureer om te wys dat Belhar nie net diep historiese en ekumeniese wortels het nie, maar ook nog steeds ryp en nuwe heilsame vrugte bied vir ons en talle ander. Alhoewel Naudé sy metodiek beskryf as 'n "collage of photographs taken from different angles rather than a unified, wide-angle picture" (xix), is daar inderdaad 'n logiese vloei en orde aan die struktuur van die werk. Die boek bestaan uit vier afdelings en neem die leser vanuit die diep en vertakkende wortels van "Tradisie" en "Belydenis"

waaruit Belhar gegroei het, na die vrugbare "Resepsie" en "Hedendaagse Betekenis" dele. Sy hele argument is van voor tot agter baie duidelik en goed beredeneerd, naamlik dat die Belhar Belydenis veel wyer en dieper strek – terug in die verlede sowel as vorentoe in die toekoms – as wat baie vermoed. Nie net word dit duidelik hoe Belhar vanuit die evangelie kom en dit self verbind sowel as onderskei van die Belydenis van Nicea (hoofstuk 4) en ander ekumeniese stemme van die sestigerjare in Suid-Afrika (hoofstuk 2) nie, en boonop ook nog voldoen aan die kriteria van 'n belydenisskrif wat Karl Barth in alle waarskynlikheid sou onderteken het (hoofstuk 3), maar dat dit ook vorentoe strek en uitreik sodat ander kerke Belhar as "geskenk uit die hemel" beskryf (hoofstuk 5); en dan selfs frases en formulerings (nogal die sogenaamde kontroversiële artikel 4) woordeliks begin eggo soos in Accra (hoofstuk 6); asook die oriënterende funksie en waarde van Belhar vir 'n nuwe dag en tyd hermeneuties besonders kreatief uiteensit (hoofstukke 7-9). Belhar se *geleefde* eenheid, *ware* versoening en *ontfermende* geregtigheid is werklik nie net sake "wat veral vir die Sendingkerk van wesenlike belang is" nie (die NGK se amptelike standpunt in 1990), maar kom vanuit die evangelie self, word gedeel deur 'n al groter kring medegelowiges, en rig ons in afwagting op die voleinding.

Die boek versterk die insig dat alhoewel die belydenis nie sonder apartheid (en 'n bepaalde verlede; hoofstuk 1) sou ontstaan nie, dit waarlik nie net beperk is tot daardie tyd en oord nie – want dit was nooit gegrond ín of gedryf déúr apartheid nie, maar die evangelie. In kort, Naudé ontbloot die argument wat Belhar as struikelblok in die weg van kerkeenheid propageer, en wys oortuigend van die begin tot einde dat hierdie belydenis 'n heenwysing en blootlegging is van die eintlike struikelblok, te wete 'n ander en uiters vreemde opvatting van die evangelie.

Hiermee gesê – en Dirkie Smit wys dit tereg in die voorwoord (p. xi) ook uit – is Naudé, alhoewel in Engels en meer akademies, eintlik ten diepste in gesprek met die NG Kerk self. Die vier stellings (p. 139-148) wat hy maak oor waarom kerkhereniging sukkel binne die NG Kerk-familie, getuig van insig en begrip. Deurgaans is dit duidelik dat wat hy vír sy gehoor te sê het, hy tog ook vanuít hul midde doen. "As a Christian who heard the gospel in the DRC, studied theology under its auspices, and still serves as an ordained pastor under its guidance, I have no intention of casting the DRC in a negative light" (p. 139). Hy begryp inderdaad waaroor dit gaan en wat op die spel is. Kerkhereniging gaan ten diepste tog oor teologie, en dat Belhar dalk regtig vír ons, die moederkerk, gebore is om tot 'n ryker en dieper verstaan van die belydenistradisie en -skrifte self te kom, en die teologiese verleidings van die Pentekostalisme in en om ons te kan raaksien. Die Belhar Belydenis was, soos meeste belydenisse, regtig té laat – die deksel op die put na baie kinders reeds verdrink het (Karl Barth) – maar dalk werklik ook té vroeg in die

sin dat dit dalk sy betekenis en geloofskrag in ’n nuwe eeu vir ander sal gee (Russel Botman). Dit is soos die titel tereg aandui: nie gebonde aan *Neither Calendar nor Clock*.

Die feit dat Naudé in die werk ook krities omgaan met Belhar en sekere tekortkominge uitwys, maak sy argument en die tydigheid van sy boek net soveel meer geloofwaardig en gesaghebbend. Enersyds wys hy dat die veronderstelling van Belhar van ’n soomlose eenheid tussen kerk en samelewing waarvolgens veranderinge in die een noodwendig tot veranderinge in die ander sal lei, nie meer vandag (post-1994) aanvaar kan word nie (p. 69, 74). Andersyds wys hy ook hoe Belhar met ’n antropologie wat geensins vanuit die skepping wil dink nie (p. 69) – te verstane, gegewe die destydse konteks – nie volkome antwoord op die 21ste eeuse soeke na gedeelde menslikheid wat saam met mense van ander gelowe en oortuigings gesamenlik die stryd teen aardverwarming (ekologie) en geweld (fundamentalisme) kan opneem nie (p. 175). Kortom, die feit dat Naudé blindekolle van veral sy kerk en dié belydenis raaksien, maak dit waarlik ’n tydige werk wat gerus aanbeveel én raakgesien behoort te word.

Martin Lausbcher
Navorsingsgenoot Departement Dogmatologie
Universiteit van die Vrystaat
E-pos: martinlaub@telkomsa.ne